



GOD IS DÁÁR...

Wanneer ons lewens in gevaar is

Die Here sal jou beskerm soos 'n hen haar
kuikens onder haar vlerke beskerm, Hy bly
dieselfde, Hy sal vir jou wees soos 'n skild,
soos 'n sterk muur om 'n stad.

Psalm 91:4, Die Bybel vir almal

Inleiding

'n Amerikaanse gesin het eendag die Oregon-dieretuin in Portland, Amerika, besoek. Hier het hulle 'n video geneem van hulle klein seuntjie, Jack, wat rustig voor 'n dik veiligheids-glas sit en speel ... terwyl Kya, een van die leeus in die park, met al haar mag deur die veiligheidsglas probeer breek om die kind te verslind. Al sien ons Kya se gevaarlike slagande, is dit vir haar eenvoudig onmoontlik om by Jack uit te kom omdat die veiligheidsglas te dik is.

In 1 Petrus 5:8 lees ons dat Satan, net soos Kya in die park, soos 'n brullende leeu rondloop op soek na iemand om te verslind. Die gedagte hieraan is genoeg om ons bevrees te laat – beangs oor lewensgevaar, oor die Satan wat ons bedreig, oor soveel onsekerhede in die lewe.

In Psalm 91:4 skryf die Psalmdigter: “Die Here sal jou beskerm soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke beskerm, Hy bly dieselfde, Hy sal vir jou wees soos 'n skild, soos 'n sterk muur om 'n stad” (*Die Bybel vir almal*). Watter vrees dreig om jou te oorweldig? 'n Vrees vir jou toekoms, jou gesondheid, jou finansiële posisie, dat jou kontrak by die werk beëindig gaan word of dat jy alleen oud moet word? Onthou, Jesus het vir jou gesterf sodat jy in volkome vryheid kan leef. Kom ons herinner onself hieraan wanneer ons lewens bedreig word en ook wanneer ons bang is oor wie God is. Wanneer Hy 'n veiligheidsglas rondom ons plaas, kan geen vyand ooit daardeur breek nie!

In die hande van die beste Dokter

~ Hardus Zevenster

Die atmosfeer in die noodeenheid waar Hardus Zevenster, hoof van Radio Tygerberg 104FM, in die Kaapse Skiereiland gelê het, was gespanne. Hy het nog sy fietsryklere aangehad nadat hy ure vantevore die Argus-fietswedren voltooi het. Wat hy nie in daardie stadium besef het nie, was dat die dokters besig was om ná sy hartaanval om sy lewe te veg ...

Die Argus-fietswedren 2013 was my beste wedren tot dusver. Ek was redelik fiks en het 'n goeie tyd gery. Ons is gewoonlik 'n groep vriende wat aan die wedren deelneem en dan na afloop daarvan saam kuier. Nadat ons die wedren voltooi het, het ek egter onverklaarbaar baie sleg gevoel. Ek het vir die twee vriende wat saam met my sou ry, gesê ek wil dadelik huis toe gaan.

Op die N1 op pad na Durbanville het dit meteens gevoel asof 'n olifant op my bors kom sit het. Ek het swaar asemgehaal en ongelooflik begin sweet. In my agterkop het ek begin dink dat dit simptome van 'n hartaanval is, maar ek was nie seker of dit wel is nie. Nadat ek die eerste persoon by haar huis afgelaai het, het die pyn in my bors ondraaglik geword. Ek moes dringend by die hospitaal uitkom! Aangesien die ander vriend in die motor van Pretoria is en nie geweet het waar die naaste hospitaal

is nie, het ek die motor se noodligte aangesit en hospitaal toe gejaag.

Ek het by die noodeenheid van die hospitaal ingestap en vir die dokters gesê: "Ek dink ek kry 'n hartaanval." Hulle het my dadelik ondersoek en dit bevestig. Vir meer as 'n uur daarna het hulle alles probeer om my hart te stabiliseer – sonder sukses. Een van die land se top-interniste was daardie dag op roep by die hospitaal. Hy was reeds in die parkeerarea op pad om te ry toe die personeel hom uit die noodeenheid bel om te kom help.

Die erns van my toestand het eers tot my deurgedring toe die dokter langs my bed vir my sê: "Ek gaan vir jou 'n inspuiting gee wat geweldig duur is en moontlik heelwat nuwe-effekte het, maar dis die enigste manier hoe ons jou lewe kan red." Ek het aan my vrou en twee klein kindertjies by die huis gedink en besef dat 'n wonderwerk nodig is.

Indien 'n hart nie binne 'n uur gestabiliseer word nie kan dit langtermynskade opdoen. Na 'n uur en 20 minute se sukkel het die internis in 'n stadium langs my bed kom staan en sy hand op my bors geplaas. Hy het vir 'n rukkie so gestaan voordat hy weer geloop het. Kort hierna het my toestand gestabiliseer.

Die internis het my later vertel dat hulle 'n doodloopstraat met my bereik het. Hulle het al die medikasie gegee wat hulle kon en al die moontlike behandeling toegepas. Hy het besef dat God moes ingryp. Langs my bed het hy sy hand op my bors geplaas, die vyand bestraf en God gevra om 'n wonderwerk te verrig. Nadat hy gebid het, het alles genormaliseer.

Ek is na die harteenheid by Panoramahospitaal oorgeplaas waar ek 'n stent gekry het. Toe ek ná ses maande dokter toe is vir 'n opvolg-ondersoek, was daar geen teken dat ek 'n hartaanval gehad het nie. God het ingegryp en my daardie dag genees. Al die eer kom Hom toe.

Geen potensieel lewensbedreigende situasie is vir God te groot om ons te beskerm nie. In Johannes 10:10 lees ons: "'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe

kan hê, en dit in oorvloed." Die vyand wil ons skade berokken, maar Jesus het reeds oorwin en aan ons die outoriteit gegee om dieselfde te doen. In Lukas 10:19 lees ons immers: "Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen." Kom ons heers oor die vyand met hierdie outoriteit!